BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 15 MAART 2011 OM 12:05 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

TEENWOORDIG:

LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

Rdl J Liebenberg	[DA]	:	Uitvoerende Burgemeester
Rdl R van Rooy	[Onafhanklik]	:	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdl A de Vries	[DA]	:	Lid van Burgemeesterskomitee

ANDER RAADSLEDE

Rdl D Mbabane [OD]

AMPTENARE:
Munisipale Bestuurder (wnd) / Municipal Manager (acting)
Direkteur Administratiewe Dienste (wnd) / Director Administrative Services (acting)
Direkteur Gemeenskapsdienste (wnd) / Director Community Services (acting)
Direkteur Tegniese Dienste (wnd) / Director Technical Services (acting)
Strategiese Bestuurder (wnd) / Strategic Manager (acting)
Interne Ouditeur / Internal Auditor
Senior Klerk : Komiteedienste / Senior Clerk : Committee Services

1. OPENING EN VERWELKOMING / OPENING AND WELCOME

Die Voorsitter open die vergadering met gebed en verwelkom almal by die vergadering.

2. AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE OF ABSENCE (3/3/1/4)

Me E Liebenberg
Mnr J Joubert
Mnr D Lambrechts
Mnr D Josephus

3. VERKLARING VAN BELANGE KRAGTENS PARAGRAAF 5 VAN SKEDULE 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)/DISCLOSURE OF INTEREST IN TERMS OF PARAGRAPH 5 OF SCHEDULE 1 & 2 (CODE OF CONDUCT FOR COUNCILLORS AND OFFICIALS) (3/3/1/6)

- Geen / None

4.1 BEKRAGTIGING EN BESPREKING VAN NOTULES / CONFIRMATION AND DISCUSSION OF THE MINUTES (3/3/2/2)

4.1.1 **BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP 15 FEBRUARIE 2011 / CONFIRMATION OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING HELD ON 15 FEBRUARY 2011 (3/3/2/2)**

BK 3443 BESLUIT

Dat die notule van die vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, gehou op Dinsdag 15 Februarie 2011, bekragtig word.

4.1.2 **BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP 28 FEBRUARIE 2011 / CONFIRMATION OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING HELD ON 28 FEBRUARY 2011 (3/3/2/2)**

BK 3444 BESLUIT

Dat die notule van die spesiale vergadering van die Uitvoerende Burgemeesters-komitee, gehou op Maandag 28 Februarie 2011, bekragtig word.

4.2 **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES / MATTERS ARISING FROM PREVIOUS MINUTES (3/3/1/3)**

Geen/None

5. VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR VOORSITTER / DECLARATIONS / ANNOUNCEMENTS BY THE CHAIRPERSON (3/3/1/6)

Geen/None

6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS / INTERVIEWS WITH DELEGATIONS (3/3/1/5)

6.1 **BEWEERDE ONREËLMATIGE BESETTING VAN STALLETJIE A3 : PIKETBERG INFORMELE HANDELSENTRUM (14/2/2/1)**

Mnr M Laubsher gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die beweerde wederregtelike besetting van stalletjie A3, deur Mnr Owies. Die betrokke stalletjie is aan Mnr Solomons toegeken, maar hy het tot op hede dit nie in gebruik geneem nie.

Die Adjunk-Hoof : Gemeenskapsdienste meld dat die kwessie reeds uitgeklaar is.

Raadslid De Vries versoek dat die aangeleentheid verwys word na die Gemeenskapsdienste Komitee vergadering, vir oorweging.

BK 3445 BESLUIT

Dat die item rakende die beweerde onreëlmatige besetting van stalletjie A3 deur Mnr Owies, na die Gemeenskapsdienste Komitee verwys word, vir samesprekings met alle belanghebbendes onder andere : Raadslid Van Rooy, stalletjiekomitee en wykskomitee en daarna by wyse van 'n volledige verslag voorgelê aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging.

7. DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER URGENT ITEMS / REPORTS FROM THE MUNICIPAL MANAGER (9/1/2)

7.1 DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE : AANSTELLING (4/1/2/3)

(Die verslag word as 'n dringende item ter tafel gelê)

Die Voorsitter meld die volgende:

- Dat sy standpunt met betrekking tot die pos Direkteur Tegniese Dienste en die aanstelling van 'n geskikte kandidaat is : dat dit baie goed sou gewees het, indien 'n persoon van kleur die posisie kon vul om sodoende die Wet op Gelyke Indiensneming toe te pas, selfs al sou dit wees deur middel van 'n "head-hunting"-proses.

- Dit is 'n baie strategiese pos wat kundigheid betref.

- Daar is historiese agterstande wat 'n rol speel in die werwing van geskikte kandidate.

- Dat hy ook 'n verpligting teenoor die Raad het om die pos so spoedig moontlik te vul, aangesien 'n vertraging met betrekking tot die aanstelling van 'n kandidaat in die pos, onregverdigheid meebring teenoor die Waarnemende Direkteur Tegniese Dienste.

- "Good governance" kan nie nagelaat word nie en is hy van mening dat die pos so spoedig moontlik gevul word deur die mees bekwame kandidaat soos voorgestel deur die aanstellingskomitee.

- Sy standpunt is dat dienslewering in bekwame hande moet wees.

- Daar was herhaalde kere gesoek vir 'n geskikte kandidaat (van kleur) en kon ongelukkig nie gevind word nie, daarom stel hy voor dat hierdie aanbeveling, soos in die verslag vervat, aanvaar word.

- Ten slotte meld die Voorsitter dat dit 'n kontrakpos is, wat wel die geleentheid skep vir ander kandidate om hul voortaan te bekwaam vir die pos.

Raadslid De Vries beklemtoon dat die werwingsproses wat gevolg was deur 'n onafhanklike diensverskaffer administreer was en dat advertensies nasionaal geplaas was om geskikte kandidate te identifiseer. Hy verduidelik dat:

- Die Afdeling Menslike Hulpbronbestuur deurgaans betrokke was by die proses en het verseker dat die Indiensnemingsbeleid van die Raad korrek toegepas word.

- Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee deurgaans ingelig was omtrent elke individuele aksie en het die advertensie vir plasing vooraf goedgekeur.

- Die Diensverskaffer, Dr Riël Hugo ‘n uitgebreide seleksieproses gevolg het wat tot die aanbeveling vir die aanstelling van Mnr Hendrik Kröhn as die ENIGSTE geskikte kandidaat gelei het;

- Verdere pogings om ‘n geskikte kandidaat van kleur te werf onbepaalde vertraging in die aanstelling van ‘n uiters kritieke posbekleër tot gevolg het en dienslewering onaanvaarbaar kan kompromiteer;

- Dat die Raad die beginsel van “good governance” sal negeer, indien ‘n aanstelling nie gemaak word nie; en

- Dat Mnr Kröhn se aanstelling bevestig word vir goedkeuring deur die Raad.

Raadslid van Rooy meld dat hy nie die aanbeveling, soos in die verslag vervat, aanvaar nie en is van mening dat “’n persoon van kleur“ wel gevind kan word deur middel van “head-hunting”.

Tydens die bespreking van item 8.1.1 van die agenda breek die vergadering om 13:05 en hervat om 13:20.

Vervolgens meld die Voorsitter dat op aanbeveling van die LUK (Provinsiale Minister) die aanstelling van die Direkteur Tegniese Dienste nie deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee oorweeg gaan word nie, maar dat die aangeleentheid na die Raad verwys word, vir oorweging.

BK 3446 BESLUIT OM AAN TE BEVEEL

Dat die Burgemeesterskomitee die aangeleentheid met betrekking tot die aanstelling van die Direkteur Tegniese Dienste na die raad verwys, vir oorweging.

7.2 **BETALING VAN SIEKTEVERLOF VOORDELE : MNR BF HAGEN (PERS; 4/2/B)**
(Die verslag word as 'n dringende item ter tafel gelê)

BK 3447 BESLUIT

Dat die item terugverwys word na die Administratiewe Dienste Komitee se vergadering.

7.3 **BOUBEHEER : GOEDKEURING VAN BOUPLANNE EN ANDER VERWANTE AANGELEENTHEDE (4/1/2/4; 15/4/2/1)**
(Die verslag word as 'n dringende item ter tafel gelê)

BK 3448 BESLUIT

1. Dat besluit BK 3108 gedateer 21 April 2010 herroep word; en
2. Dat die volgende gedelegeer word ingevolge Artikel 28 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, soos gewysig:
   - 2.1 dat die ***Projekbestuurder*** optree namens Bergrivier Munisipaliteit as Besluitnemer vir die goedkeuring van bouplanaansoeke ingevolge Artikel 28 (4) van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, soos gewysig;
   - 2.2 dat die ***Boubeheerbeamptes*** op Piketberg, Porterville en Velddrif, optree namens Bergrivier Munisipaliteit as aangestelde Boubeheer-beamptes ingevolge Artikel 5 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, soos gewysig;
   - 2.3 dat die ***Boubeheerbeampte*** op Piketberg optree as Besluitnemer soos in 1 hierbo genoem, sou die Besluitnemer afwesig wees;
   - 2.4 dat die ***Boubeheerbeampte*** op Porterville optree as Besluitnemer van bouplanaansoeke van die Boubeheerbeampte van Piketberg/Velddrif na gelang van die geval;
   - 2.5 identiteitsertifikate aan die ***Boubeheerbeamptes*** in item 2 uitgereik word ingevolge A17 van SABS 0400-1990.

7.4 **STAKING VAN DIENSTE : ELEKTRISITEIT : REKENINGNOMMER 253202, EENDEKUIL (5/15/2)**

Raadslid De Vries meld dat hy die staking van dienste met betrekking tot rekeningnommer 253202, Eendekuil onder die aandag van die Bestuurder : Inkomste gebring het met die verwagting dat 'n dringende verslag in hierdie verband aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê sou word.

Die Direkteur Finansiële Dienste meld dat hy geensins kennis dra van die aangeleentheid nie, en versoek dat die dokumentasie aan hom oorhandig word.

Raadslid De Vries oorhandig die dokumentasie (rekeninge) aan die Direkteur Finansiële Dienste.

Na verifiëring van die rekeninge noem die Direkteur Finansiële Dienste dat hy geen genoegsame rede(s) vind waarom die kragtoevoer gestaak is nie en onderneem dat die elektrisiteitaansluiting vir rekeningnommer 253202, Eendekuil weer aangesit sal word.

KENNIS GENEEM

8. AFDELING A: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / SECTION A : EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE

8.1 AANBEVELINGS VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD / RECOMMENDATIONS OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL

8.1.1 BEGINSEL GOEDKEURING VAN DIE KONSEP GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (15/1/5/5)

(APART VERSPREI)

BK 3449 **BESLUIT OM AAN TE BEVEEL**

Dat die konsep Hersiene Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en SDBIP : Bergrivier Munisipaliteit goedgekeur word.

8.1.2 APPROVAL : DRAFT BUDGET : 2011/2012 FINANCIAL YEAR (5/1/1-2011/2012)

(The document was tabled at the meeting)

BK 3450 **RESOLVED TO RECOMMEND**

That the Council of Bergrivier Municipality accept the amended Draft Budget for 2011/2012 financial year.

8.2.1 APPÉL : AFWYKING : ERF 3499, PIKETBERG (PB 3499)

BK 3451 **BESLUIT**

Dat die Burgemeesterskomitee volstaan by besluit BK 3276 van 21 September 2010 en dat die Provinsiale Regering Wes-Kaap dienooreenkomstig ingelig word.

8.2.2 APPLICATION FOR SUBDIVISION : PORTION 1 OF THE FARM NAMAQUASFONTEIN NO 76, DIVISION PIKETBERG (FARM NO 76/1, PB)

BK 3452 **RESOLVED**

That the application in terms of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) for subdivision of Portion 1 of the Farm Namaquasfontein No. 76, Division Piketberg, into two portions namely Portion A (±250ha) and Remainder (±479ha), for agricultural purposes, **be approved**, subject to the conditions of support contained in the letter of the District Roads Engineer in his letter referenced RD/W/217*-12900 dated 11 August 2010 as well as the letter of approval issued by the National Department of Agriculture referenced 2010_07_0075 dated 3 November 2010.

8.2.3 **APPLICATION FOR REMOVAL OF NOTARIAL LINK : PORTION 18 OF THE FARM MIDDELPOST NO 231 (FARM MIDDELPOST NO 231/18, PB)**

BK 3453 **RESOLVED**

That the cancelation of the restriction in title deed (T61716/1992), whereby Portion 2 of the farm Leeuwenhoek No. 12, Division Tulbagh and Portion 18 of the farm Middelpost No. 231, Division Piketberg is tied together, **be supported**, subject to the condition stipulated in the letter of the Department of Agriculture referenced *20/9/2/2/7/161* dated 6 January 2011.

8.2.4 **APPLICATION FOR CONSENT USE : ERF 371, DWARSKERSBOS (D 371)**

BK 3454 **RESOLVED**

1. That the application in terms of regulation 4.7 of Council's Zoning Scheme (compiled in terms of Ordinance 15 of 1985) for consent in order to erect 73 sectional title units (flats) on Erf 371, Dwarskersbos, of which one (possibly two) will be used for business purposes, **not be supported** as:

   1.1 the scale (height) and design (coverage and floor factor distribution) of the proposed development will negatively affect the natural land and character of the developed environment as multi storey residential development on the beachfront will create a negative visual impact from a public place, such as the beach, by significantly changing the sense of place of the beachfront to a built up feel;

   1.1 the loss of diverse amenities and built up feel will negatively impact on property values which affect existing rights of surrounding property owners;

   1.2 the safety and welfare of the residents of Kersbosstrand will be jeopardised by the number of occupants of the proposed development as the entrance, which is designed with boom control and no parking on the outside of the development, could lead to traffic congestion outside the boom at one of the main intersections of the Kersbosstrand development;

   1.3 the proposed development will not benefit the larger community as supporting amenities are drastically minimized to one (possibly two) shops that can only be accessed via controlled access, which generally discourage people from entering and disregard the intended lifestyle of the residents of Kersbosstrand;

   1.4 the development of additional residential units is undesirable as it can lead to oversupply in an already slow selling market, considering the number of vacant and/or unoccupied residential opportunities in Kersbosstrand;

2. That the objections received **be upheld** as far as it relates to height and coverage and floor factor distribution, a loss in supporting amenities and negative traffic impact; and

3. That the application be referred to Provincial Government: Western Cape for final decision-making, in terms of the provisions of the General Structure Plan.

8.2.5 **WYSIGING VAN SELFOONBELEID (6/2/2/1)**

BK 3455 BESLUIT

Dat die gewysigde selfoonbeleid goedgekeur word.

8.2.6 **DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE (2/3)**

BK 3456 BESLUIT OM AAN TE BEVEEL

Dat die delegasie van bevoegdheid, soos gewysig, deur die raad goedgekeur word.

8.2.7 **MAANDELIKSE PRESTASIEBESTUURSTELSEL : ADMINISTRATIEWE DIENSTE (STAANDE ITEM) (4/7/6)**

KENNIS GENEEM

8.2.8 **AFHANDELING VAN BESLUITE: DIREKTORAAT ADMINISTRATIEWE DIENSTE: BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 30 NOVEMBER 2010 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.9 **AFHANDELING VAN BESLUITE: DIREKTORAAT ADMINISTRATIEWE DIENSTE: BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 13 DESEMBER 2010 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.10 **AFHANDELING VAN BESLUITE: DIREKTORAAT ADMINISTRATIEWE DIENSTE: BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 13 JANUARIE 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.11 **AFHANDELING VAN BESLUITE: DIREKTORAAT ADMINISTRATIEWE DIENSTE: BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 27 JANUARIE 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.12 **WATER : STAND VAN DAMME IN OPVANGSGEBIED : 31 JANUARIE 2011 (9/1/2; 16/1/2)**

BK 3457 BESLUIT

Dat die stand van damme in opvangsgebied as ‘n staande item, op die agenda van die Tegniese Dienste komitee, geplaas word.

8.2.13 **VLOEDVOORKOMENDE OPTREDE (17/11/1)**

BK 3458 **BESLUIT**

Dat die rampbestuur van Bergrivier Munisipaliteit weekliks opgedateerde kaarte van die reënvalpatroon by Weskus Distriksmunisipaliteit bekom en aan alle rolspelers in Bergrivier Munisipaliteit versprei.

8.2.14 **INSTANDHOUDING VAN SYPAADJIES (16/3/1)**

BK 3459 **BESLUIT**

Dat die moontlikheid ondersoek word, in konsultasie met die Hoof : Menslike Hulpbronbestuur, om tydelike werkers vir langer tydperke aan te stel, om volhoubare dienslewering te bied met betrekking tot kundigheid / vaardighede verwerf.

8.2.15 **BYKOMENDE WATERBRONNE OP PORTERVILLE (STAANDE ITEM) (16/1/1)**

KENNIS GENEEM

8.2.16 **UITREIKING VAN DIE OMGEWINGSIMPAKLISENSIE EN DIE VASTE-AFVALLISENSIE VIR DIE OPGRADERING VAN PIKETBERG RIOOLSUIWERINGSWERKE (16/4/2/6)**

BK 3460 **BESLUIT**

1. Dat die raad kennis neem van die uitreiking van die *EA* en *Waste Lisence*; en

2. Dat die koste van die voorwaardes aan die raad voorgelê word, sodra die koste bekend is.

8.2.17 **WATERDIENSTEPLAN (16/1/1)**

BK 3461 **BESLUIT**

Dat Bergrivier Munisipaliteit die plan aanvaar en goedkeur, alvorens dit aan Departement van Waterwese (DWA) gestuur word, vir die finale goedkeuring.

8.2.18 **NOTULES EN NOTAS VAN VERGADERINGS BYGEWOON DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER EN/OF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER (3/3/2/1)**

BK 3462 **BESLUIT**

Dat die Ingenieur : Siviel ‘n skrywe rig aan Weskus Distriksmunisipaliteit, naamlik: dat die status quo gehandhaaf word met betrekking tot Velddrif reservoir.

8.2.19 **MAANDELIKSE PRESTASIEBESTUURSTELSELMONITERING : TEGNIESE DIENSTE (STAANDE ITEM) (4/7/6)**

BK 3463 BESLUIT

1. Dat maandelikse prestasiebestuurstelselmonitering in die agenda van die Tegniese Dienste komitee gebind word; en

2. Dat die maandelikse prestasiebestuurstelselmonitering vir Januarie 2011 aan alle Tegniese Dienste komiteelede versprei word.

8.2.20 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT TEGNIESE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 13 JANUARIE 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.21 **MAANDVERSLAE : 16 JANUARIE 2011 TOT 15 FEBRUARIE 2011 (9/1/2; 17/1/5)**

BK 3464 BESLUIT

1. Dat CDW's betrek word met betrekking tot die bewusmakingsveldtog rakende skoonmaakprojekte op Velddrif en gefinansier word uit hul eie begroting;

2. Dat die houers vir die versamelpunt op Aurora so spoedig moontlik verkry word;

3. Dat die spanderingsverslag met betrekking tot Velddrif/Aurora aan die betrokke inwoners versprei word; en

4. Dat die Interne Ouditeur die moontlikheid ondersoek met betrekking tot die koppeling van die Tegniese- en die Finansiële datastelsel, om waterverliese beter te moniteer.

8.2.22 **BRANDSTOF (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.23 **KAPITAALPROGRAM (UITTREKSEL UIT FINANSIËLE DIENSTE KOMITEE SE MAANDVERSLAG : JANUARIE 2011) (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.24 **VULLISVERWYDERING : VERMINDERING EN HERWINNING VAN VASTE AFVAL: OPSOMMING VAN WERKSWINKEL GEHOU IN DIE OPENBARE BIBLIOTEEKSAAL, PIKETBERG OP WOENSDAG 9 FEBRUARIE 2011 (4/4/1; 16/5/1; 17/1/5)**

BK 3465 BESLUIT

1. Dat uitgekontrakteerde herwinningsprogramme ingestel word met rekord-houding van die tipe en volumes herwinde afval vir rekordoeleindes;

2. Dat ‘n loodsprojek vir ‘n periode van ongeveer een jaar, deur tydelike plaaslike kontrakteur (verkieslik), gedryf word;

3. Dat die suksesvolle kontrakteur die nodige voertuie, gereedskap en masjinerie verskaf en self onderhandel vir herwinbare besigheidsvullis;

4. Dat die moontlikheid ondersoek word dat die abbatoir op Piketberg vir hoogstens een jaar beskikbaar gestel word, na toepaslike sonering afgehandel is;

5. Dat ‘n afsonderlike verslag met betrekking tot die verwagte koste implikasies voorgelê word;

6. Dat opvolggesprekke gevoer word met PPC met betrekking tot die herwinningsprojekte;

7. Dat die raad in die 2011/2012 kapitaalbegroting oorweging skenk aan snippermasjiene om tuinafval te versnipper, ten einde verdere besparing op die storting van vaste afval te verkry; en

8. Dat voortgegaan word met betrekking tot die implementering van die 2-sakstelsel in alle dorpe.

8.2.25 **MAANDVERSLAG : DEPARTEMENT FINANSIËLE DIENSTE : JANUARIE 2011 (9/1/2)**

BK 3466 BESLUIT

1. Dat ‘n volledige uiteensetting voorgelê word met betrekking tot die dienste gelewer, deur Spectrum Transcription Services in die skedulering van appélverhoor, ten bedrae van R54 400-00; en

2. Dat Raadslid Mbabane die aangeleentheid met betrekking tot die deurbreek van die kluis (hoofgebou) met die Direkteur Administratiewe Dienste opneem.

8.2.26 **MUNICIPAL IN-YEAR REPORTS AND SUPPORTING TABLES (9/1/2)**

NOTED

8.2.27 **TERUGSKRYWING VAN FOUTIEWE REKENING (5/15/2)**

BK 3467 **BESLUIT**

1. Dat die heffings en rente ten bedrae van R7 742-14, plus enige verdere rente, teruggeskryf word; en

2. Dat die kredietsaldo op die rekening aan Mnr Nothununu terugbetaal word.

8.2.28 **BEDRAE UITSTAANDE TEN OPSIGTE VAN VOORTGESETTE MEDIESE LEDE (5/15/1/1)**

BK 3468 **BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Finansiële Dienste Komitee, om finale uitklaring te verkry met betrekking tot die toepaslike beginsel van premiebetaling, asook die beëindiging van lidmaatskap, rakende voortgesette mediese lede.

8.2.29 **AGTERSTALLIGE DIENSTEREKENINGE : RAADSLEDE (3/4/1)**

BK 3469 **BESLUIT**

Dat aan die einde van die betrokke raadslid se termyn, die diensterekeninge op datum betaal wees, alvorens die finale toelae uitbetaal word.

8.2.30 **BEWEERDE DIEFSTAL : SKOOTREKENAAR : D LAMBRECHTS (PERS)**

BK 3470 **BESLUIT**

Dat meer besonderhede, in verslagvorm, aan die Finansiële Dienste komitee voorgelê word.

8.2.31 **MAANDVERSLAG : DIREKTORAAT GEMEENSKAPSDIENSTE : MAART 2011 (9/1/2; 17/5/2/1)**

BK 3471 **BESLUIT**

1. Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste ‘n skrywe rig aan Provinsiale en Nasionale Ministers : Behuising met betrekking tot bykomende befondsing ontvang, vir die behuisingsprojek op Piketberg;

2. Dat die Adjunk-Hoof : Behuising ‘n ter plaatse ondersoek reël, rakende die vordering van die behuisingsprojek op Piketberg; en

3. Dat ‘n vergadering so spoedig moontlik met die behuisingstoekennings-komitee gereël word met betrekking tot die toekenning van wonings, wat nie deur die begunstigdes beset sal word nie.

8.2.32 **BESKERMINGSDIENSTE : WETSTOEPASSING (17/11/1)**

BK 3472 **BESLUIT**

Dat die item oorstaan, totdat die aansteling van die Wetstoepassingsbeampte afgehandel is.

8.2.33 **ZUURVLAKTE : SPORTGRONDE (STAANDE ITEM) (17/7/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.34 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT GEMEENSKAPSDIENSTE: BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 13 DESEMBER 2010 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.35 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT GEMEENSKAPSDIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 13 JANUARIE 2011 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.36 **MAANDELIKSE PRESTASIEBESTUURSTELSELMONITERING : GEMEENSKAPSDIENSTE (4/7/6)**

BK 3473 **BESLUIT**

Dat ‘n aangepaste verslag maandeliks aan die Gemeenskapsdienste Komitee voorgelê word.

8.2.37 **BOUBEHEER : DUNN’S CASTLE : REGSAKSIE (15/4/3)**

BK 3474 **BESLUIT**

Dat voortgegaan word met huidige regsaksie, in samewerking met die Departement Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.

8.2.38 **DRINGENDE AANGELEENTHEID : TASSOL (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.39 **BYWONING : TOERISME KONFERENSIE : “ELEVATING OUR DISTINATION’S GLOBAL PROFILE (12/2/3/24)**

BK 3475 **BESLUIT**

Dat die Portefeulje Voorsitter (Gemeenskapsdienste) en die Direkteur Gemeenskapsdienste die Toerisme Konferensie op Maandag 28 Maart 2011 in Kaapstad, bywoon.

8.2.40 **VERF VAN SPOEDHOBBELS (17/10/2)**

BK 3476 **BESLUIT**

Dat alle spoedhobbels in Bergrivier munisipale gebied geverf word, waar nodig.

8.2.41 **VERKEERSOPLEIDING AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK (17/10/1)**

BK 3477 **BESLUIT**

Dat die moontlikheid, as 'n byvoeging tot die studiebeursbeleid, ondersoek word om lede van die publiek wat oor die vereiste kwalifikasies beskik as wetstoepassings-beamptes, op te lei.

8.2.42 **JAMBOREE-BYEENKOMSTE IN BERGRIVIER MUNISIPALE GEBIED (10/2/1)**

KENNIS GENEEM

8.2.43 **SLUITING : SPORTKROEG OP PORTERVILLE (14/1/1/1)**

BK 3478 **BESLUIT**

1. Dat daadwerklike stappe uitgevoer/toegepas word teen Vrydag 4 Maart 2011 om te verseker dat die sportkroeg op Porterville wettig gesluit word, of as alternatief deur middel van 'n interdik; en

2. Dat die aangeleentheid na die Drankraad verwys word, na afhandeling.

8.2.44 **HOUSING PROJECT PIPELINE : BERGRIVIER MUNICIPALITY (2011) (17/5/2/1)**

KENNIS GENEEM

8.3 VERSLAE VAN DIE WYKSKOMITEES AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER TER OORWEGING / REPORTS FROM THE WARD COMMITTEES FOR CONSIDERATION BY THE EXECUTIVE MAYOR

- Geen / None

8.4 NOTULES VAN DIE VERGADERINGS VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VOORGELÊ VIR KENNISNAME DEUR DIE BURGEMEESTERSKOMITEE / MINUTES OF THE BID ADJUDICATION COMMITTEE TABLED TO THE MAYORAL COMMITTEE FOR INFORMATION

- Geen / None

9. <u>AFDELING B : IN KOMITEE (VERTROULIK) / SECTION C : IN COMMITTEE (CONFIDENTIAL)</u>

9.1 AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD/RECOMMENDATIONS AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL

- Geen / None

9.2 BESLUITE VAN DIE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS / RESOLUTIONS OF THE MAYORAL COMMITTEE IN TERMS OF DELEGATED AUTHORITY AND ITEMS OF WHICH WERE NOTED

- Geen / None

9.3 NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERINGS VIR OORWEGING EN KENNISNAME DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / MINUTES OF THE TRAINING COMMITTEE MEETINGS TABLED TO THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE FOR CONSIDERATION / INFORMATION

- Geen / None

9.4 NOTULE VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERINGS VIR OORWEGING/ KENNISNAME DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE/MINUTES OF THE LOCAL LABOUR FORUM MEETINGS TO THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE FOR CONSIDERATION/INFORMATION

- Geen / None

DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:20

BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE

_____ _____

VOORSITTER ***DATUM***
(UITVOERENDE BURGEMEESTER)